

**Tema : Die uitvoering van God se roeping en opdrag in kerk, koninkryk en wêreld maak ons relevant in hierdie tyd.**

### **Ontmoetingsdiens**

Votum en Groetseën

Lofpsalm : Psalm 104: 10, 17 en 18

Geloofsbelydenis

Psalm 147:4

### **Verootmoedigings- en Versoeningsdiens**

Wet : Eksodus 20

Psalm 139: 9 en 12

### **Woorddiens**

Gebed

Skriflesing : 1 Konings 19

Teks : 1 Konings 19: 15 - 18

Tema : Die uitvoering van God se roeping en opdrag in kerk, koninkryk en wêreld maak ons relevant in hierdie tyd.

### **Antwoorddiens**

Gebed

Liefdegawe as antwoord van dankbaarheid op die Woorddiens

Psalm 68 : 15

Wegstuurseën.

### **Geliefde Broers en susters,**

Daar word baie gepraat oor die relevansie van die kerk in die moderne samelewing. In die ou dae het ons gepraat van die stem van Potchefstroom wat die rigting moes aantoon waarheen sake moet beweeg. Dit het nie net gehandel oor kerklike sake nie, maar daar was standpunte oor politieke en sosiale/maatskaplike sake. Dit was sake waar ons vandag kan terugkyk en aantoon dat ons leiers op daardie gebied was om die Woord suiwer op alle terreine van die samelewing te laat hoor. Die stem van Potch was relevant.

Hoe moet ons vandag relevant wees? Moet ons musiek aanpas by die tyd sodat die liedjies wat ons sing in lyn is met die ritme van die tyd, met musiekbegeleiding en orkeste? As ons dan al die psalms by die agterdeur uitgooi en die Woordverkondiging rediseer tot die lees van 'n paar verse uit die Bybel en die res musiekbediening is waarin enige gosselliedjie gesing word, is die vraag - Het die kerk relevant geword?

Die woord relevant beteken volgens die woordeboek : “wat op die voorgrond tree” of “gewigtig” of “van betekenis” of “ter sake”. Wanneer gaan die kerk so wees?

Kom ons soek ons antwoord in die Woord self. Op watter wyse was die kerk relevant in die tyd van Elia?

1. Wyse waarop die kerk relevant was.
2. Gevolg van die kerk se relevansie.
3. Uiteinde dat die kerk relevant is in wêreld, koninkryk en kerk.

### **1. Op watter wyse was die kerk relevant in Elia se tyd?**

Die agtergrond van ons gelese gedeelte begin alreeds by 1 Konings 16: 29. Dit was in die tyd van Agab, seun van Omri wat koning geword het oor die tienstammeryk, Israel. Agab doen wat verkeerd is in die oë van die HERE. Hy trou met Isebel, dogter van koning Et-Baäl van die Sidoniërs (1 Konings 16:31). Sy is 'n fanatiese aanbidder van die afgod Baäl en sy verlei Agab en 'n deel van die volk om Baäl te aanbid. Ons lees dat Agab die HERE meer as al die ander konings van Israel voor hom getart het. 'n Goddelose koning, tesame met sy goddelose vrou, Isebel.

Op bevel van die HERE kondig Elia 'n groot droogte aan waarin daar 'n paar jaar geen reën sou val nie. In die tydperk sorg die HERE vir Elia by die spruit Krit waar kraaie vir hom soggens en saans brood en vis gebring het. Na drie jaar gee die HERE aan Elia die opdrag om Agab en Isebel te konfronteer. Op Karmelberg kom 450 Baälprofete en 400 profete van Asjera bymekaar.

Nou ken ons die geskiedenis van die gebeure op Karmel waar die Baäl en Asjera profete die hele dag gebid het dat Baäl hulle moet antwoord deur die offer met vuur uit die hemel aan te neem. Niks gebeur nie.

Elia beveel dat die altaar waarop hy offer, drie maal nat gegooi moet word. Sy gebed volg in 1 Konings 18 : 37 – 38 : *“Antwoord my, HERE, antwoord my, sodat hierdie volk kan weet dat U, HERE, die God is, en dat dit U is wat hulle harte weer laat terugkeer.”* Dan antwoord die HERE met vuur uit die hemel.

Hier is nie ‘n kompromie nie, maar hier word duidelik en reguit verklaar: Die HERE alleen is God en die volk daar by Karmel moet dit weet - Net God moet aanbid word, geen ander gode nie. Dit is aktueel. Aktuele prediking en aktuele kerkwees konfronteer jou met die ware, lewende God – en dan moet jy antwoord. Aktuele prediking bring jou tot ‘n belydenis : Luister wat verklaar die volk in 1 Konings 18:39: *“Toe die hele volk dit sien, val hulle neer met hulle gesigte teen die grond en sê: Die HERE, Hy is God! Die HERE, Hy is God!”*

Die kerk is aktueel as die kerk mense tot belydenis bring. Belydenis van hulle sonde, belydenis van hulle verlossing in Christus alleen, belydenis van hulle dankbaarheid.

Op hierdie belydenis bid Elia vir reën en hy stuur sy slaaf om te kyk of iets gaan gebeur. Die sewende keer sien die slaaf ‘n wolkie so groot soos ‘n mens se hand – en dan volg die reën.

### **In die tweede plek: Wat is die gevolg as ‘n kerk relevant is.**

Hoe meer ‘n kerk relevant is, hoe groter bedreiging is die kerk vir die Satan. Dit beleef Elia intens. Isebel stuur ‘n boodskap – sy gaan Elia doodmaak. Isebel is instrument in die hand van Satan. Satan kan nie die oorwinning van die HERE by Karmel aanvaar nie, nou word die profeet van die HERE met die dood gedreig.

Elia vlug. Moedeloos onder ‘n besembos. Het u dit al ervaar? Jy werp alles in die stryd vir die goeie en al wat jy kry is teenstand, selfs van persone van wie jy dit minste

verwag. Hoeveel keer moet ons dit nie beleef dat ons soos Elia voel – ek alleen, ek alleen het oorgebly. Ondersteun ons mekaar, bemoedig ons mekaar of wil ons eerder nie betrokke wees nie? Laat iemand anders die saak hanteer en al die spanning dra.

Die groot gevaar is dat ons moedeloos word en ons roeping versak – onder die besembos gaan sit en dink – ek alleen, niemand anders om te help nie. Ons moenie die mag van die Satan onderskat nie. Hy wil juis dat ons moedeloos word in ons stryd in die kerk en koninkryk. Moedelose mense is nie 'n gevaar vir die Satan nie.

'n Elia onder die besembos hou geen verdere gevaar vir Satan in nie, al het hy op Karmel die stryd verloor.

Maar wat gebeur met Elia?

Elia kon nie in eie krag weer sy roeping hervat nie. Die HERE moes hom versterk. Die HERE stuur dan 'n engel en laat hom eet sodat hy deur die krag van die etes 40 dae kon loop tot by Horeb.

Dit is waar – die HERE alleen kan deur sy Gees weer jou krag gee. In eie krag kan jy nie die stryd teen die Satan aanpak nie.

Ons moet dus bedag wees op die gevolge as die kerk van die HERE relevant is. Die Satan sal op alle wyse, deur persoonlike aanvalle, deur vervolging, deur moord, deur verleiding die kerk van die HERE probeer neutraliseer. 'n Relevante kerk is 'n groot gevaar vir die Satan.

### **Derdens: Die uiteinde van die relevante kerk in wêreld, koninkryk en kerk**

Wanneer Elia by Horeb kom, openbaar die HERE Hom in die fluistering van die windstilte. Dan kry Elia drie opdragte, naamlik 'n opdrag in die wêreld, 'n opdrag in die koninkryk en 'n opdrag in die kerk.

Opdrag in die wêreld. Elia moet Gasael self as koning van Aram.

Opdrag in die koninkryk : Elia moet Jehu, seun van Nimsi self as koning van Israel.

Opdrag in die kerk : Elia moet Elisa self as sy opvolger, die kerk.

Wat beteken dit in kort?

Elia se grootste vyand is Agab en Isebel. Agab tart die Here. Gaan die HERE dit daar laat? Wat gaan gebeur? Die HERE slaap nie. Hy sien onreg.

Ten opsigte van die eerste opdrag in die wêreld sien ons dat Agab op die kort termyn wel die Arameërs verslaan het, maar hy is in 'n geveg teen die Arameërs gedood. Die ramp wat oor Agab se huis sou kom, sal juis deur Gasaël uitgevoer word as hy Ben Hadad opvolg as koning. Wanneer Elisa vir Gasaël ontmoet in 2 Konings 8 dan huil Elisa. As Gasaël vra waarom hy huil dan sê hy: *“Omdat ek weet watter kwaad jy die Israeliete gaan aandoen. Jy sal hulle vestings in vlamme laat opgaan, hulle jongmense doodmaak, hulle kindertjies verpletter en hulle swanger vrouens oopsny.”*

Dit is die straf van die HERE oor 'n volk wat afgode dien en agter hulle goddelose koning aanloop.

Ten opsigte van die tweede opdrag : Elia moet Jehu self as koning van Israel. Lees gerus weer die geskiedenis in 2 Konings 9-11, want dit is juis Jehu wat die oorsaak was dat Isebel gesterf het en dat die honde haar opgevreet het soos wat voorspel was. Jehu het ook baie Baälpriesters doodgemaak, alhoewel hy nie die HERE gedien het nie en steeds toegelaat het dat die goue kalwers in Bet El en Dan vereer is.

Ten opsigte van die derde opdrag moes Elia vir Elisa self om hom op te volg. Elia dink hy is alleen – maar God se werk gaan voort. Elisa moet gesalf word, die HERE sorg vir die voortgang van sy werk. Dit is die HERE wat sy sy kerk beskerm, vermeerder en bewaar, al dink ons dat die voortbestaan van die kerk in die hande van mense is. En die bewys, nie net Elisa het oorgebly nie, maar die HERE het 7 000 in Israel laat oorbly wat nie voor Baäl gebuig het nie.

Om op te som.

Ons het 'n taak in die wêreld, die koninkryk en kerk.

Om as kerk relevant te wees beteken konfrontasie met die sondige wêreld. Ondanks die aanslae van die Satan en vervolging sal die kerk van die Here bly tot die wederkoms. Christus as die Hoof van die kerk, sy liggaam, sy bruid, sal ons vashou tot die einde. Hy het sy Gees gestuur om ons in die waarheid te lei en die verkondiging van die waarheid maak dat die kerk relevant sal bly. Deur sy dood en opstanding het Christus die reg verwerf om alle mag in die hemel en op die aarde te hê.

En die 7 000 van Israel – is deel van die simboliese 144 000 van Openbaring, die volgetal van al die uitverkorenes deur al die eeue, die volgetal wat sal staan voor die troon van die Here, hulle wat met wit kleren Hom sal dien dag en nag, Hom sal loof en prys.

Dit, broers en susters, is die uiteinde van hulle wie waarlik die HERE dien, wat waarlik gehoorsaam is aan sy opdrag, wat waarlik relevante kerk is!

Amen.